Oordenking
18 Maart 2009

Jesus is gegesel en met dorings gekroon.

Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: "Ons groet u, Koning van die Jode!" En elke keer het hulle Hom geklap. Joh 19:2 & 3

Dis wrede ironie dat Jesus nou uiteindelik die woorde hoor wat Hy verdien: “Ons groet U, Koning van die Jode!” Dis onverstaanbaar! Jesus, die ware Koning van Israel moet pyn en bespotting, en ‘n doringkroon, verduur as deel van sy vernedering ter wille van ons verlossing. Wat is die resultaat van sy mishandeling?

Paulus stel dit so in Filip 2:5-11:

> *Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was: Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis. Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.*

Omdat Jesus Hom laat verneder het, ook deur die doringkroon, het God Hom tot die hoogste eer verhef. Vir Jesus loop die pad na verheerliking as die Koning van die konings, langs die pad van skandelike vernedering en smart. Omdat Hy die doringkroon dra, ontvang Jesus van die Vader die kroon van universele aanbidding en liefdesbetuiging.

> *As ons deur die Bybel, of selfs die koerant blaai, sien ons dat Christene nie uit hulle pynlike omstandighede geforseer word om redding te kan ontvang nie. Nee, dit is juis te midde van ons vuil wêreld en growwe menslikheid en die swaar daaraan verbonde, dat Christus gekom het. In die onaangename diere-stal is Christus te midde van geboortepyne en -spanning gebore. Hy het Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe. Hy is met dorings gekroon, sodat Hy verhoog kon word om ons voor die troon van genade te verteenwoordig, terwyl ons worstel om te midde van ‘n wrede wêreld menslik, en selfs Christus gelykvormig, te lewe.*

As ons kyk na wat Christus vir ons op die Via Dolorosa gedoen het, begin ons sien hoe gepas dit is om Hom te eer, lief te hê en te aanbid. Christus is Koning in die krip, as Hy gespot en gemartel word, aan die kruis, in die graf en in ons veels te dikwels chaotiese, hartseer lewens.

Jesus is ’n Koning met ’n doringkroon, om ons te verseker van sy krag, te midde van ons smart, vernedering en pyn. As ons begin om krag te midde van vermeende swakheid en rampe raak te sien, eers dan herken ons ons ware ewige Koning wat sy mense red, verlos en bevry te midde van elke denkbare omstandigheid.

Gebed

Genadige Heer, vol van ontferming! Dis vir my swaar om van u lyding, selfs voordat U gekruisig is, te lees. Ek kan maar net “Dankie!” sê dat U die pad van smart en skande ter wille van my geloop het. U het die marteling ervaar wat ek verdien - en U skenk aan my u heerlikheid daarvoor.
Help my, liewe Heer, om U altyd as my Koning te eer, in alles wat ek doen. Mag my woorde en dade wys dat ek glo in u soewereiniteit, dat ek u heerlikheid vier en u liefde verheerlik.
Amen.